Die persoonlike inligting van beide ouers moet asb. duidelik deurgegee word. **ALBEI biologiese ouers/voogde moet bladsy 4 onderteken.** Die voltooide vorm moet teen 5 Januarie 2026 (huidige leerders) en 12 Desember 2025 die 2026 Graad 8's ingegee word. Hierdie vorm sal gebruik word om e-pos adresse asook kontaknommers te bevestig

FRANS CONRADIERYLAAN,
BELLVILLE, 7530
Tel: 021 9488781
E-pos: debiteure@dfakademie.com

Verw:

PERSOONLIKE INLIGTING – 2026

	NAAM	VAN	GRAAD (2026)
Leerder			
Leerder			
Leerder			

Ouer 1: Naam en Van		**Wysigings**
Identiteitsnommer		
Woonadres		
Indien verskil van ouer 2		
Selfoonnommer		
E-posadres		
Ouer 2: Naam en Van		**Wysigings**
Identiteitsnommer		
Woonadres		
Slegs indien verskil van ouer 1		
Selfoonnommer		
E-posadres		

KOMMUNIKASIE VANAF DIE SKOOL:

1. **E-pos vir finansiële kommunikasie**:

Dui wysigings hier aan	

2. **Staffroom:**
Alle korrespondensie ten opsigte van die skoolprogram, sport en nuusbriewe sal deur Staffroom geskied.

(Voltooi slegs indien verander het)

Naam en Van (ouer wie boodskap moet ontvang)	Selfoonnommer vir Staffroom	E-posadres vir Staffroom

3. **KARRI toepassing:**
Die doel is om die beweging van kontant in Die Skool te verminder en daarom sal **die meeste projekte en kampe ens.** deur middel van die Karri toepassing gedoen word. Vir enige navrae of probleme met die KARRI toepassing kan u mev. L. Coetzee by lcoetzee@dfakademie.com kontak. Hierdie heffings op die KARRI word nie op die skoolfondsrekening gehef nie.

(Voltooi slegs indien verskil van Staffroom inligting hierbo)

Naam en Van (ouer wie KARRI gebruik)	Selfoonnommer vir KARRI toepassing	E-posadres vir KARRI toepassing

4. **Kontakpersoon indien ouer in geval van nood nie beskikbaar is nie:**
Hiermee magtig ek/ons Die Skool om onderstaande persoon te kontak in geval van nood waar ons as die ouer(s) nie in die hande gekry kan word nie:

Naam	Verwantskap	Kontaknommer

FINANSIËLE ONDERNEMING VIR 2026

aangegaan tussen DF Akademie(hierna genoem Die Skool)

en die wettige ouers/aanneemouers/voogde van die bogenoemde ingeskrewe leerder(s) by Die Skool. Ek/ons bevestig hiermee dat ek/ons die wettige ouers/aanneemouers/voogde van genoemde leerder(s) is. Ek/ons onderneem om die termes en voorwaardes van die ooreenkoms na te kom.

LEES ASB. DEEGLIK DEUR ONDERSTAANDE VRAE, SAAMGELEES MET PARAGRAAF 1 TOT 6

DIE SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, NO. 84 VAN 1996 REGULASIES TEN OPSIGTE VAN DIE VRYSTELLING VAN DIE BETALING VAN SKOOLFOOIE DEUR OUERS

(Merk met 'n x)

1. Het die skoolhoof u ingelig omtrent die bedrag betaalbaar ten opsigte van die jaarlikse skoolfonds? Dit geskied met die finansiële omsendbrief na die goedkeuring van die Begrotingsvergadering vir 2026.	Ja	Nee
2. Het die skoolhoof u ingelig dat u aanspreeklik is vir die betaling van skoolfonds, tensy u kwalifiseer vir volle of gedeeltelike kwytskelding van die betaling van skoolfonds?	Ja	Nee
3. Het die skoolhoof u ingelig oor u reg om aansoek te doen vir vermindering of kwytskelding van skoolfondsbetaling? U doen per e-pos aansoek om die vorm aan u te stuur, waarna u die vorm oorspronklik sal voltooi en by die Finansiële Kantoor sal inhandig.	Ja	Nee
4. Wil u aansoek doen vir vermindering of kwytskelding van skoolfondsbetaling? Indien u wel sou aansoek doen sal die aansoek streng volgens ons Finansiële beleid en WKOD vereistes verwerk word.	Ja	Nee
5. Het die skoolhoof u van die aansoekvorm vir vermindering of kwytskelding van skoolfondsbetaling voorsien? Die vorm moet per e-pos aangevra word by debiteure@dfakademie.com	Ja	Nee
6. Het u hulp nodig om die aansoekvorm te voltooi?	Ja	Nee

.....
Mnr. H. Oosthuizen
Skoolhoof

Hiermee bevestig ek/ons, die ondergetekende(s), ouers/aanneemouers/voogde van bogenoemde leerder(s), dat ek deur die Beheerliggaam van DF Akademie skriftelik ingelig is oor skoolfonds wat vir **2026** gehef sal word, asook watter prosedure ek/ons moet volg indien ek/ons om die betaling van verminderde skoolfonds wil aansoek doen.

1. VERPLIGTE SKOOLFONDS

Ek/ons aanvaar dat skoolfonds 'n **statutêre verpligting** is vir die volle akademiese skooljaar, soos vasgestel deur die Beheerliggaam van Die Skool tydens 'n Algemene Jaarvergadering wat gehou was op 6 November 2025 waar die Begroting vir 2026 voorgelê is en goedgekeur is deur die teenwoordige ouers. Ek/ons aanvaar dat die skoolfonds bepaal is volgens die totale jaar en dat dit **vooruitbetaalbaar is op 1 Januarie 2026.** Waar 'n leerder gedurende die skooljaar toegelaat word, sal die bedrag verskuldig bereken word in ooreenstemming met die oorblywende jaar wat die leerder 'n ingeskrewe leerder in DF Akademie is.

2. BETALINGSONDERNEMING:

Ek/ons onderneem om die volle verpligte skoolfonds vir die akademiese skooljaar stiptelik te betaal ooreenkomstig my/ons keuse ten opsigte van een van die betalingsooreenkomste hieronder aangedui. Skriftelike toestemming moet van Die Skool verkry word vir enige ander betalingswyse. Daarbenewens onderneem ek/ons om my/ons neer te lê by enige bepalings/vereistes wat uit sodanige reëling mag voortspruit.

3. DEBIETORDER (opsie 2 hierbo)

3.1 Ek/ons onderneem om 'n spesifieke datum ten opsigte van elke maand te bepaal waarop die

Blaai om asb.
Dui u keuse van betaling aan op bladsy 4
Albei ouers onderteken bladsy 4

debietorder deur die bank geprosesseer moet word.

3.2 Ek/ons aanvaar dat indien die debietorder vir 2 (twee) agtereenvolgende maande deur die bank geweier word, die debietorderopsie deur Die Skool gekanselleer kan word en dat ek/ons die volle uitstaande bedrag onmiddellik moet betaal.

3.3 Ek/ons neem daarvan kennis dat die bankkoste vir 'n debietorder deur Die Skool gedra word, maar onderneem om in die geval van die weiering van 'n debietorder as gevolg van onvoldoende fondse in my/ons bankrekening, verantwoordelikheid vir die betaling van die bankkoste te aanvaar.

3.4 Ek/ons neem kennis dat die fooie vir skoolgeld jaarliks vasgestel word en dat Die Skool my/ons debietorder dienooreenkomstig kan aanpas, op voorwaarde dat Die Skool my/ons vooraf skriftelik in kennis gestel het van die voorgenome aanpassing.

4. WETLIKE BEPALINGS

4.1 Volgens familiereg is **biologiese ouers/aanneemouers/voogde GESAMENTLIK EN AFSONDERLIK** aanspreeklik vir die betaling van skoolfonds, **ongeag die huwelikstatus**.

4.2 Kragtens Artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet is alle partye in 4.1 hierbo aanspreeklik vir die betaling van verpligte skoolfonds.

4.3 Kragtens Artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse Skolewet mag Die Skool betaling van hierdie verpligte skoolfonds afdwing.

4.4 Skoolgeld mag nie aan skuldberaders vir skuldberading, sekwestrasie, administrasie ens. in terme van Seksie 129 van die Nasionale Kredietwet oorhandig word nie, aangesien skole uitgesluit is van die voorsiening wat gemaak is in die Nasionale Kredietwet.

4.5 Bewyse moet gelewer word indien een van die ouers nie bereikbaar is nie. Indien 'n skoolfondsrekening oorhandig is, kan daar nie aansoek om korting of vrystelling gedoen word nie. U moet aansoek doen voor enige regsproses begin is.

4.5 Biologiese ouers/aanneemouers/voogde wat nie in staat is om die volle skoolfonds te betaal nie, mag op grond van hulle **gesamentlike bruto inkomste** kwalifiseer vir gedeeltelike of volle vrystelling van skoolfondsbetaling.

- U bly verantwoordelik vir skoolfondsbetaling tot u skriftelik deur die Beheerliggaam in kennis gestel word van die uitslag van u aansoek.
- Hierdie voltooide aansoek moet by Die Skool ingehandig word voor die gespreksvoering wat vroeg in **2026** sal geskied.
- Indien die ouer/voog wie gekwalifiseer het vir verminderde skoolfondsbetaling se finansiële posisie gedurende die skooljaar gunstig verander, bly dit die verantwoordelikheid van sodanige ouer/voog om Die Skool skriftelik daarvan in kennis te stel binne een maand vanaf sodanige verandering.
- Die Skool behou hom die reg voor om elke kwartaal 'n herevaluasie van suksesvolle aansoekers se finansiële posisie te doen, in welke geval gesertifiseerde stawende dokumente verlang sal word.

4.6 Pleegsorg: die nuutste hofbevel om leerder se plasing in u sorg te bevestig moet ingedien word.

5. BETALINGSVERSUIM

5.1 Indien biologiese ouers/aanneemouers/voogde nie hulle skoolfondsverpligtinge nakom nie, mag Die Skool die biologiese ouers/aanneemouers/voogde se wanbetaling aan 'n kredietverskaffers-buro verstrek.

5.2 Die Skool behou hom die reg voor om die kredietwaardigheid van biologiese ouers/aanneem-ouers/voogde te ondersoek by kredietinligtingsburo's en kredietverskaffers. Ek/ons stem toe tot die aanvra van enige verslag vanaf enige kredietburo deur Die Skool/regsverteenwoordiger ten einde my woon- en/of werksbesonderhede te bevestig asook tot betaling van enige kostes en uitgawes aangegaan in die verband. Verder stem ek ook toe dat enige van my finansiële handelinge en inligting geverifieer en met die kredietburo gedeel mag word.

5.3 In die geval van wanbetaling van skoolfonds sal **beide** biologiese ouers/aanneemouers/voogde deur Die Skool gedagvaar word, ongeag onderhoudreëlings en hofbeslissings tussen die partye.

5.4 Die partye verbind tot hierdie ooreenkoms onderneem om alle regskostes, insluitend prokureurs- of kliëntefooie en invorderingsgelde, wat mag voortspruit uit die regsaksies wat Die Skool mag instel om agterstallige skoolfonds te verhaal, te betaal.

5.5 Die Skool mag volgens hul uitsluitlike diskresie 'n keuse uitoefen of hul wil arbitreer of alternatiewelik volgens formele hofprosedures dispute wil beredder. Indien die roete van arbitrasie verkies word mag enige dispuut, meningsverskil of eis wat gebasseer is op n likiede eis of dokument, voortspruitend uit, of in verband met hierdie ooreenkoms, volgens Die Skool se uitsluitlike diskresie besleg word deur die proses van Arbitrasie. Die dispuut, meningsverskil of eis sal ingedien word by die Suid-Afrikaanse Kamer van Arbitrasie, wie die Arbiter sal aanstel om die dispuut/verskil/eis te besleg volgens die Reëls vir "Speedy Arbitration of Financial Claims", welke beskikbaar is op

www.arbitrationsa.co.za. Enige uitspraak gelewer deur die Suid-Afrikaanse Kamer van Arbitrasie is finaal en bindend op die partye en sal geen van die partye 'n reg hê tot enige appél rondom die uitspraak nie. Enige uitspraak deur die Arbiter van die Suid-Afrikaanse Kamer van Arbitrasie is ten volle afdwingbaar deur enige gepaste hof met die nodige jurisdiksie.

5.6 Die Arbitrasie klousule sal van krag bly selfs al word die ooreenkoms gekanseleer om welke rede ookal.

5.7 Geen van die bogenoemde sal Die Skool verhinder om eerder regstappe in 'n Suid-Afrikaanse hof met jurisdiksie in te stel nie.

5.8 Alle invorderingskostes en regskostes (op prokureur en eie skaal) wat aangegaan is, sal ook vir die rekening van die ouer(s) wees.
Indien 'n rekening oorhandig word aan ons skuldinvorderaars mag geen betalings aan die skool gemaak word nie. Alle betalings moet direk by die invorderaars gemaak word.

5.9 Enige vergunning deur DF Akademie gemaak ten opsigte van die nie-nakoming van enige van die bogenoemde voorwaardes deur die ouer(s) sal nie die skool(DF Akademie) se regte soos hierin uiteengesit in enige mate beperk of benadeel nie. Die ouer(s) stem hiermee toe dat 'n Landroshof jurisdiksie sal hê in enige geskil of eis uit hoofde van hierdie onderneming.
Nieteenstaande die voorafgaande, sal die skool (DF Akademie) nogtans na eie keuse en goeddunke die reg hê om regsverrigtinge in te stel in enige ander bevoegde hof. Geen ooreenkoms om hierdie onderneming te wysig of voorwaardes by te voeg, sal bindend wees of enige regsgeldigheid hê tensy dit op skrif gestel is en deur die partye onderteken word nie.

6. INVORDERINGSMETODES

Skoolfonds is verskuldig en betaalbaar op die eerste dag van 'n kalendermaand (31 Januarie tot 30 November), maar uitgesluit diegene wie maandeliks per debietorder hul verpligting nakom (sien 2 en 3 hierbo). Indien 2 (twee) paaiemente nie ontvang is teen hierdie dag nie, sal die volle jaar se uitstaande skoolfonds **onmiddellik verskuldig en betaalbaar** wees.

Die volgende invorderingsmetodes sal gebruik word:

(a) Geen betaling teen die 7de van die maand ontvang nie: E-pos of Whattsup
(b) 30 dae agterstallig: Staat met finale kennisgewing nota op die aangehegde e-pos.
(c) 60 dae agterstallig: Finale kennisgewing en oorhandiging per epos en of whattsup of 'n direkte skrywe vanaf die invorderaars.

Vir die doeleindes van hierdie onderneming, enige kennisgewing of regsaksie teen my/ons ingestel en alle prosesstukke wat op my/ons beteken mag word, kies ek/ons hiermee my/ons adres soos hierbo op bladsy 1 uiteengesit as my/ons ***domicilium citandi et executandi.*** Dit bly egter u verantwoordelikheid om die skool skriftelik in kennis te stel, indien enige besonderhede van u verander. Vir diegene wat nie e-posfasiliteite het nie, sal die korrespondensie soos gewoonlik geskied.

DUI U BETALINGSOPSIE HIERONDER AAN MET X

Graad	**Skoolfonds 2026**	**5% Korting toegestaan vir eenmalige betaling voor of op 1 Februarie 2026.**	**OPSIE 1**	**Debietorder 11 maande vanaf 1 Februarie 2026 tot 1 Desember 2026 (voltooi d/o)**	**OPSIE 2** (PUNT 3 hierbo)	**Internetbetaling 11 maande vanaf 31 Januarie 2026 tot 30 November 2026**	**OPSIE 3**
Gr. 8-12	R43 120.00	R40 964.00		R3 920.00		R3 920.00	

Bankbesonderhede:
ABSA Bank: DF Akademie ABSA Takkode: 632005; Tjekrekening: 340390156
Verw: Rekeningnommer soos op staat

Geteken te			
Op hierdie	dag van	20	**Handtekening Ouer 1**
Geteken te			
Op hierdie	dag van	20	**Handtekening Ouer 2**

Geteken te Bellville op hierdie 1ste dag van Desember 2025

MNR. S. Conradie
SKOOLHOOF